## SKOLEBEDIENING: Skild van geloof

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons van die skild van geloof en hoe ons dit as kinders van die Here moet gebruik.

Lofprysing en aanbidding.

## YSBREKER: 1 – Faith walk

- Elke kind in die groep word geblinddoek
- Die jeugselleier loop voor – nie geblinddoek nie, en neem die groep op 'n 'walk'.
- Die leier kan hulle buitetoe neem, in die saal met hulle rondstap – maak dit effe 'scary' vir die kinders, maar maak ten alle tye seker dat dit veilig is en dat niemand seerkry nie.

## YSBREKER 2: Faith fall (Opsioneel)

- As dit moontlik is moet elke kind in die groep 'n beurt kry
- Maak weereens seker dat dit ten alle tye veilig is en niemand seerkry nie, as 'n kind simpel raak, laat hulle eenkant sit vir die doel van die ysbreker – veilig wees en voel is 'n ABSOLUTE vereiste!
- Laat die groep in 2 rye staan wat na mekaar kyk met hulle arms uitgestrek en mekaar se arms vasvat
- Die kind wie se beurt dit is staan voor die ry, en val terug in die groep se arms
- As die kind wie se beurt dit is dit toelaat, en die leier dink dit is veilig, dan kan die groep die kind van die een punt van die ry na die ander punt beweeg
- Leiers se diskresie is hier BAIE belangrik asb!!
- Meisies met kort rokkies kan NIE deelneem aan hierdie ysbreker nie, behalwe om die arms vas te hou

## PROCESS DIE YSBREKERS:

- Het julle van die ysbrekers gehou? Hoekom/nie?
- Wat het jy nodig gehad om albei die ysbrekers te kon doen? Geloof of vertroue dat die persoon/persone wat in beheer is jou nie gaan laat seerkry nie.
- Het jy voor die tyd GEWEET dat hulle jou nie gaan laat seerkry nie, m.a.w. was daar BEWYSE daarvoor gewees? Nee, jy moes glo en vertrou sonder bewyse!

## VIDEOCLIP: Skild in die Bybelse tyd

## SKILD VAN GELOOF:

- Vanmiddag gaan ons kyk na die volgende deel van die Wapenrusting – die Skild.
- Kom ons praat gou bietjie oor die Skild:
- Wie kan onthou wat die skild beskerm? Ons geloof
- Tot nou toe het ons gekyk na die dele van die Wapenrusting wat jy aansit/aantrek.
- Ons sit die belt aan, ons trek die borsharnas aan.
- Wanneer ons dit aangesit of aangetrek het, dan bly dit daar, ons hoef dit nie verder vas te hou nie.
- Die Skild is anders, Paulus sê dat ons dit in ons hand moet hê/neem – iets wat ons moet oplig SODAT dit ons kan beskerm.
- Om dit net aan jou arm vas te 'strap' en dit nie op te lig gaan jou nie help nie!

## Vrae in groepe:

1. Hoekom sou 'n soldaat 'n skild ook nog moet dra as hy alreeds spesiale klere aanhet?
(Die skild kan beweeg word na swak plekke op die soldaat se lyf om daardie dele wat dalk oop is te beskerm. Goeie soldate weet hoe om daardie skild te gebruik om hulle liggaam te beskerm.)

2. Wat is geloof? Gebruik Heb 11:1 om julle te help

| |
|---|
| ***Heb 11:1*** – "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" |
| *Heb 11 vertel ons van mense in die Ou Testament wat hulle geloof moes gebruik om deur baie moeilike omstandighede te kom soos Abraham en Sara wat God moes vertrou dat Hy vir hulle 'n seun sou gee, al was hulle albei baie oud.* |

3. Hoekom dink julle is geloof juis ons skild?
(Net soos die soldate hulle skild gebruik om dele op hulle liggame te beskerm, beskerm geloof ons daar waar ons dalk nie die antwoord het nie of deur 'n moeilike tyd gaan en ons dinge nie verstaan nie. Dis dan wanneer ons die skild van geloof moet gebruik en weet dat God ons sal help en Sy beloftes nakom.)

Die skild van geloof help ons met al die twyfel wat die Satan oor ons pad bring. Hoe meer geloof ons het in Jesus en dat Hy ons kan en sal help, hoe moeiliker word dit vir die Satan om ons seer te maak met sy aanvalle. Wanneer ons die skild van geloof optel, doen ons dit nie deur ons eie krag nie, maar deur God se krag.

Sluit af met gebed.